

Gebed en Lofprysing

ALGERIË: "HULLE HET MET GEWERE GEKOM, MAAR ONS HET HULLE VAN JESUS VERTEL"

Gewapende regeringsmagte het gekom om die Riki gemeente in Algerië te stuit, maar word met die vrede van Christus begroet. In 'n nuwe SAT-7 dokumentêr het Riki Kerk se leier en ander Algeriese pastore openlik hulle verhale vertel en getuig hoe gelowiges op hulle regte staan terwyl hulle steeds vredemakers bly.

"Drie voertuie met mans, gewapen met Kalashnikovs, het na ons gekom, asof hulle gereed is om ons aan te val," vertel Pastor Ibn Aymara Saeed. "Maar hulle vind ons is ongewapen waar ons in die tent byeen is. Ons het hulle gegroet en met hulle oor Christus gepraat. Ons het hulle vertel ons is Algeriërs en soek vrede. En dat die Bybel ons leer om die leiers van ons land te respekteer."

Pastor Saeed is een van die kerkleiers met wie 'n gesprek gevoer is in SAT-7 ARABIES se dokumentêr, *Hoekom? 'n Verslag rakende die sluiting van Algeriese Kerke*. Die dokumentêr is by die kerkleiers in Algerië opgeneem en fokus op die sistematiese optrede van die regering om Protestantse kerke in die Kabyle streek te sluit. Hierdie aksie het in November 2017 begin en verlede jaar skerp toegeneem.

Ten spyte van die grondwetlike reg tot godsdiensvryheid en die feit dat die kerkgebou aan al die wetlike vereistes voldoen, het gewapende amptenare in Julie 2018 die Riki Kerk, in die dorp Akbou gesluit. Sedertdien aanbid die kerkklidmate buite, terwyl hulle vas staan in hul geloof en liefde vir hul land, selfs midde ongeregteerdheid wat seëvier.

"Ons sal aanhou om bymekaar te kom hier in die agterplaas totdat ons gearrester of aangerand word," verklaar die Pastor. "Dit is ons uitdrukking van protes teen die sluiting van die kerk. Ten spyte van die ondraaglike hitte in die somer, volhard die gelowiges onwrikbaar in hul geloof. Maar dit is moeilik. Ons weet dat die staat en die Algeriese mense en Moslems nie ons vyand is nie. Al wat ons van die regering vra, is godsdiensvryheid." [Lees volledige artikel met video snit.](#)

- **Bid dat God op Sy tyd die kerke sal laat oopmaak. Bid dat gelowiges nie hoop verloor nie en vir Geesvervulde getuïenisse.**
- **Dank God vir die groei van die Kerk in Algerië.**



Gebeds † Nuus



Februarie 2020

Hasan en sy vrou kyk na foto's van hul huis en lewe wat hulle in Sirië agtergelaat het.

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoort vir bank besonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

Gebed en Lofprysing

HOOP VIR VERGETE VLUGTELINGE

Die nuussiklus het aanbeweeg, maar in werklikheid is daar in Libanon steeds meer as 'n miljoen Siriese vlugtelinge. In die Zahle streek in die Bekaa Valleï alleen woon daar sowat 350,000 vlugtelinge in tente. In 'n onlangse besoek het Katerina Parpa, van SAT-7 se Internasionale Kantoort, tog die moontlikheid van verandering midde die konkrete ellende gesien.

Hasan en sy vrou kyk na foto's van hul lewe in Sirië: 'n leeftyd van lang werksdae in die veld; die opbou van grond met eie hande; die skep van 'n tuiste ... En dan, in 'n oogwink is alles weggenem. Die oes staan in ligte laaie, die huis gebombardeer. Vlug om te kan lewe.

Al wat oorbly is slegs vernietiging. Die dakteëls wat met soveel sorgvuldigheid gepak is, lê oral verstrooi, die netjies geveerde mure vol koeëlgate. Besittings geplunder en meubels gereduseer na vuurmaakhout.

Dit is Hasan* se verhaal. Ons sit saam op 'n barre sementvloer in die tent wat hulle nou hul tuiste noem terwyl hy my die foto's wys. Hierdie verhaal van verwoesting deur ISIS is ook die verhaal van miljoene ander ontwortelde Siriërs. Soos Hasan is hulle vasgevang in kampe en ander tydelike blyplekke terwyl al wat oor is net die herinnering aan 'n plek wat hulle eens op 'n tyd hul tuiste genoem het.

"Hoop julle om terug te keer en jul huis en grond te herbou in Sirië?" vra ons. "Nee," antwoord Hasan. Hy is een van baie Siriërs wat hoop opgegee het om ooit na hul vaderland terug te keer. Na wat sal hulle terugkeer?

En tog, daar kan nuwe hoop by die vlugtelinge geskep word. SAT-7 se uitsendings kan 'n reddingstou wees wat die vlammetjie van geloof en hoop vir môre weer aansteek.

Wanneer ons by 'n ander familie wegstap, bondel hulle saam voor die televisie om die aanbiddingsprogram, *Familie van Jesus* op SAT-7 KIDS te kyk. Om hierdie familie met hoop en drome in hul harte te sien, vul my eie hart met hoop en 'n gebed dat hulle, en die ander families, hoop in Christus vind om volhardend te kan waag om te droom.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

- **Bid vir nuwe geloof en hoop vir die baie vlugtelinge.**
- **Bid vir 'n ontmoeting met Christus, die Bron van hoop.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees:

KYKER IN TURKYE

“Ek is ’n asielsoeker en volg julle programme deur middel van YouTube. Ek ervaar dit as ’n opleidingskursus en probeer dit woord vir woord transkribeer.”
Dank die Here vir SAT-7 TÜRK programme

KYKER IN SAUDI-ARABIË

“Soms verloor ek hoop wanneer ek die situasie rondom my sien, maar daar is steeds hoop in mense wat Jesus lief het.”
Bid dat God haar bemoedig

KYKER IN PALESTINA

“My niggie is 14 en deur haar familie gedwing om met ’n man te trou wat sy nie van hou nie. Bid vir haar.”

KYKER IN EGIPTE

“Die Christelike geloof lyk na ’n vreedsame geloof. Hoe kan ek verseker weet dat dit so is?”

“Ons versoek almal regoor die wêreld om te volhard in gebed vir die mense van Libanon en Irak; bid vir vreedsame oplossings vir die probleme; bid vir ’n toekoms vir die mense in hierdie lande. Bid vir die mense wat bekommerd en beangs is omdat hulle nie weet wat die toekoms inhou nie. Bid asseblief dat Hy ons ’n visie sal gee.”

- Maroun Bou Rached, SAT-7 Libanon Kantoor
Uitvoerende Direkteur.

NADEE SE GETUIENIS: GELOOF MIDDE DIE OORSTROMINGS



Iran het verlede jaar wyd verspreide vloede beleef wat verwoesting gesaai het met gepaardgaande lewensverliese en miljoene ponde se skade aan huise en infrastruktuur.

Midde die chaos en vrees het etlike SAT-7 PARS kykers die kanaal gekontak met gebedsversoeke — insluitende ’n moeder, Nadee* en haar seun, Kamran* wat gebed het vir ’n wonderwerk.

“Ek woon in ’n dorp waar noodwaarskuwings uitgereik is dat die vloede ons dorp die volgende dag sal bereik,” vertel Nadee aan ons kykers ondersteuningspan. “Daar was selfs ’n bevel vir ontruiming van gebiede naby riviere. Ek was baie bekommerd oor my moeder en familieledede.

“My sewe jaar oue seun, Kamran het na my toe gekom en gesê: ‘Kom ons bid’. Ek het nie my selfoon by my gehad om sy gebed op te neem nie, anders sou ek dit met julle kon deel.

“Om die waarheid te sê, ek het hom nog nooit op so ’n manier hoor bid nie. Want elke keer as ek hom gevra het om te bid, dan het hy gesê hy weet nie hoe nie. In elk geval, hy het kragtig in die Naam van Jesus gebed en toe hy ‘Amen’ sê, draai hy na my en sê dat God die vloede sal stop.

“Ek het nie geweet wat om te sê nie! Ek het net vir God gevra om te help, want ek het gesien dat Kamran God regtig vertrou en ek wou nie hê sy geloof moet skade ly nie. Die volgende dag het ons weer gebed en hy het gesê: ‘Ek weet daar sal nie meer vloede wees nie.’ Ek het geantwoord: ‘Ja, die vloede sal net nie kom nie.’ Ek het weer vir God gevra: ‘Help ons asb, al is dit net ter wille van Kamran se geloof.’

“Wel, die vloede het glad nie ons dorp bereik nie! Ek is so bly. Ek onthou die gedeelte in God se woord waar God en twee van Sy engele gekom het om Lot se stad te vernietig en Abraham vir God gevra het om die stad te spaar ter wille van sy gelowiges. God het geantwoord dat Hy nie sal as daar enige gelowiges is nie. Maar hier is nog mans en vrouens wat geloof het en ter wille van hulle het God die ramp by ons laat verbygaan.”

*.Name en foto verander vir sekuriteitsredes.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asseblief vir die volgende kykers
terwyl jy hulle boodskappe lees:

KYKER IN EGIPTE

“Nadat ek na julle program geluister het, het ek my hart vir Jesus oopgemaak. Ek is vrygemaak van Satan se binding en maak God my toevlug. Prys God!”

KYKER IN SIRIË

“Van die weeskinders en onwortelde kinders hier het nog nooit seep, om hulle hande te was, gesien nie. Maar dank God hulle vind hoop en ervaar God se liefde vir hulle in SAT-7 KIDS se programme.”

KYKER IN IRAN

“Onder die huidige omstandighede is ons genoodsaak om sommige mense toegang tot die kerk te weier, omdat van hulle moontlik spioene kan wees. Maar mense het die regte lering nodig, en gemeenskap met ander gelowiges, bevryding en redding vir hulle families. Bid asb saam met ons vir hulle.”

KYKER IN MAROKKO

“Ek is nie ’n Christen nie, maar ek voel die Here praat met my en met mense van ’n ander agtergrond. Bid dat mense God se liefde sal ervaar.”

KYKER IN IRAN

“Bid vir my 18 jaar oue seun wat met die November oproer in hegtenis geneem is. Bid ook vir diegene wat familieledede gedurende die proteste verloor het.”